

SACAI

AFDELING C

GRAAD 12

EKSAMENRIGLYNE

GEOGRAFIE

2016



AFDELING C: EKSAMENRIGLYNE VIR GRAAD 12 (KABV)

1. INLEIDING

2. LEERINHOUD

3. ASSESSERINGSPROGRAM

4. FORMAAT VAN DIE NSS-EKSAMEN- VRAESTELLE

- Vraestel 1 (Teorie)
- Vraestel 2 (Kaartwerk)
- Puntetoekenning
- Gewigstoekenning van kognitiewe vlakke

5. UITBREIDING VAN INHOUD / ONDERWERPE

Vraestel1 (Teorie)

- Klimaat en weer
- Geomorfologie
- Landelike en stedelike nedersettings
- Ekonomiese geografie van Suid-Afrika

Vraestel 2 (Geografiese vaardighede en tegnieke)

- 1:50 000 Topografiese kaarte – Kaartwerktegnieke
- Topografiese kaarttoepassing
- Foto's
- Ortofotokaarttoepassing
- Kaartprojeksies
- Geografiese Inligtingstelsels (GIS)

6. HALFJAAREKSAMEN

7. GEKONTROLEERDE TOETSE EN ASSESSERINGSTAKE

8. JAARPROGRAM

9. DIFFERENSIASIE EN KOGNITIEWE VLAKKE (+ ANALISE)

1. INLEIDING

Hierdie riglyndokument hanteer hoofsaaklik die finale GR 12 eksterne eksamens, alhoewel verwysing na die SGA (Skoolgebaseerde assessering) ook gemaak word aangesien dit positief bydra tot die aanloop na die finale eksamen.

Die doel van die dokument is om:

- Duidelikheid te verskaf oor die diepte en omvang van die inhoud wat geassesseer moet word in die Geografie Gr 12 NSS-eksamen.
- Onderwysers te lei om hulle leerders genoegsaam voor te berei vir die finale eksamen.
- Riglyne te verskaf aan alle SACAI eksaminatore asook interne en eksterne moderatore in Geografie.

Hierdie afdeling oor 'Eksamenriglyne' moet o.a. saam gelees word met die amptelike Kurrikulum en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV): Geografie.

- Verwys asb. ook na die *Hersiene SACAI KABV Vakriglyne: Geografie (2015 /16 - Afdeling B)*.

2. LEERINHOUD

GRADE 12 *	
<p>Geografiese vaardighede en tegnieke</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kaartwerkvaardighede • Topografiese kaarte • Lugfoto's en ortofotokaarte • Geografiese Inligtingstelsels (GIS) • Gebruik van atlasse <p>Klimaat en weer</p> <ul style="list-style-type: none"> • Middelbreedte Siklone • Tropiese Siklone • Subtropiese Antisiklone • Vallei klimate • Stedelike klimate <p>Geomorfologie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dreineerstelsels in Suid-Afrika • Fluviale prosesse • Opvang - en rivierbeheer <p>Landelike en Stedelike Nedersettings</p> <ul style="list-style-type: none"> • Studie van nedersettings • Landelike nedersettings • Landelike nedersettingskwessies • Stedelike nedersettings • Stedelike hiërargieë • Stedelike struktuur en groei • Stedelike nedersettingskwessies 	<p>Ekonomiese Geografie van Suid-Afrika</p> <ul style="list-style-type: none"> • Struktuur van die ekonomie • Landbou • Mynbou • Sekondêre en tersiêre sektore • Strategieë vir industriële ontwikkeling • Informele sektor <p>* 'n Gedetailleerde uiteensetting van die inhoud verskyn onder "Uitbreiding van inhoud / onderwerpe"</p> <p>of www.education.gov.za</p>

3. SGA (ASSESSERINGSPROGRAM)

KWARTAAL	ASSESSERING	BESKRYWING VAN ASSESSERING	PUNTE*	GEWIG
1	1	<input type="checkbox"/> Assesseringstaak 1 (Datahantering)	50	20
	2	<input type="checkbox"/> Toets	100	10
2	3	<input type="checkbox"/> Assesseringstaak 2 (Navorsing)	50	20
	4	<input type="checkbox"/> Halfjaarëksamen (Werk van kwartaal 1 & 2)	300	10
3	5	<input type="checkbox"/> Assesseringstaak 3 (Kaartwerk)	50	20
	6	<input type="checkbox"/> Toets	100	10
	7	<input type="checkbox"/> Rekordeksamen	300	10
		Jaarpunt		100

4		Einde-van-jaar-eksamen	300	300
		TOTALE ASSESSERING		400
		Persentasie (totale assessering ÷ 4)		100%

4. FORMAAT VAN DIE EKSAMENVRAESTELLE

VRAESTEL 1 (TEORIE)

- Hierdie is 'n drie-(3) ure vraestel en word in die eerste sessie op die dag van die Geografie-eksamen geskryf.
- Die vraestel bestaan uit twee afdelings:
 - AFDELING A: Klimaat en Weer en Geomorfologie (Fisiese Geografie);
 - AFDELING B: Nedersettingsgeografie en Ekonomiese Geografie van Suid-Afrika (Menslike Geografie).
- Elk van die twee afdelings bestaan uit twee (2) vrae van 75 punte elk. Enige DRIE van die vier vrae moet beantwoord word.
- Die volgende instruksies sal op die tweede bladsy van die vraestel verskyn. Leerders moet van die begin van die jaar af van hierdie instruksies bewus gemaak word, aangesien baie leerders nie hierdie instruksies volg nie.
 - Beantwoord ENIGE DRIE vrae van 75 punte elk.
 - Alle diagramme is in die bylae ingesluit.
 - Nommer jou antwoorde in die MIDDEL van die reël.
 - Laat 'n REËL OOP tussen onderafdelings wat beantwoord word.
 - Begin ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.

- Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
 - MOENIE in die kantlyne van jou ANTWOORDEBOEK skryf nie.
 - OMKRING die nommers van die vrae wat jy beantwoord het op die voorblad van jou ANTWOORDEBOEK.
 - Skryf netjies en leesbaar.
- 'n Verskeidenheid bronne sal gebruik word oa. satellietbeelde, sinoptiese weerkaarte, grafieke, tabelle, sketskaarte, strokiesprente, foto's en koerantartikels.
 - Struktuur van die vraestel:
 - Elk van die vier vrae sal **kort/objektiewe** tipe vrae van (15 x 1) = (15) punte insluit.
 - Elk van die vier vrae sal twee '**paragraaftipevrae**' van (8) punte insluit, dit is twee (4 x 2) (8) vrae. Hierdie vrae moet nie puntsgewys beantwoord word nie, maar in volsinne en dit sal analitiese denke en insig verg.
 - Die res van elke vraag sal bestaan uit enkel- en dubbelpunte vrae: **Enkelpunte vir basiese onthou vrae en dubbelpunte vir begrip, toepassing, analise, evaluering en skeppend.**
 - Elkeen van die vrae in **Afdeling A** en **B** onderskeidelik sal die hoof-onderwerpe van daardie vraag in 'n 50/50 verhouding verteenwoordig.
Kyk ook "Puntetoekenning".

VRAESTEL 2 (KAARTWERK)

Hierdie is 'n een-en-'n-halfuur (1½) -vraestel en word in die tweede sessie op die dag van die Geografie-eksamen geskryf. Gewoonlik word die vrae op die vraestel beantwoord, in spasies wat voorsien is.

Die vraestel bestaan uit vier (4) VERPLIGTE vrae wat soos volg saamgestel is:

- VRAAG 1:** Meervoudigekeuse-vrae → **15** (enkel punte) – wat oor die hele sillabus versprei kan wees.
- VRAAG 2:** Geografiese tegnieke en berekenings (sluit dwarsnitte en toepassing in) → **20** (enkel) punte.
- VRAAG 3:** Toepassing van teorie/kaart- en fotovertolking → **25** punte: Enkel punte vir definisies en identifisering van verskynsels soos landvorme, hellings, dreineerpatrone, nedersettingspatrone, straatpatrone, ens.; dubbel punte vir die verskaffing van redes, toepassing, interpretasie, analise, evaluasie en skepping.
- VRAAG 4:** Geografiese Inligtingstelsels – **15** punte: Enkel punte vir definisies en basiese onthou. Dubbel punte vir die verskaffing van redes, toepassing, analise, evaluering en skeppend.

PUNTETOEKENNING

Voorheen (voor CAPS/KABV) het 'n vraageenheid in **Vraestel 1** 100 getel en individuele feite het deurgaans twee (2) punte getel. Die puntetoekenning vir die kort, objektiewe vrae en dié van definisies was twee (2) punte elk.

Die verandering na vraageenhede wat **75 punte** tel het noodwendig veranderinge aan die puntetoekenning van die subvrae meegebring. Die volgende voorbeelde begelei die tutor/fasiliteerder deur 'n tipiese *teorievraag (75 punte)* en die *kaartwerkvraestel (75 punte)*.

Voorbeeld 1: Vraestel 1, Vraag 1 (totaal = 75)

- Kort, objektiewe vrae: *Klimaat* → 8x1(8)
Kort, objektiewe vrae: *Geomorfologie* → 7x1(7) [Omgekeer vir vraag 2].
 - *Klimaat* (30 punte) soos volg:
16 punte *: 'n Gevallestudieformaat insluitend 'n 4x2 paragraaftipe vraag;
14 punte *: Ander tipe vrae.
 - *Geomorfologie* (30 punte) soos volg:
16 punte *: 'n Gevallestudieformaat insluitend 'n 4x2 paragraaftipe vraag;
14 punte *: Ander tipe vrae.
- = 75**

[Volg dieselfde formaat vir vrae 2, 3 en 4]. Vraag 3 en 4 behandel *Nedersettings* en *Ekonomie van Suid-Afrika*.

* Enkel punte per feit vir basiese kennis/onthou/aflees en dubbel punte per feit vir begrip, toepassing, analise, evaluering en skeppend. Alle definisies (met enkele uitsonderings) tel een (1) punt ongeag die hoeveelheid feite.

Voorbeeld 2: Vraestel 2 (Kaartwerk)

- *Meervoudige antwoordkeuse*: 15 punte (15x1).
 - *Berekening en tegnieke* (dwarsaansig ingesluit): 20 punte → hoofsaaklik 1 punt per stap/byskrif.
 - *Analise en interpretasie* van 'n topografiese kaart en lugfoto, *toepassing van teorie*: 25 punte → subvrae van enkel- en dubbelpunte per feit*.
 - *GIS*: 15 punte → subvrae van enkel- en dubbelpunte per feit*.
- = 75**

* Enkelpunte per feit vir basiese onthou en dubbelpunte per feit vir begrip, toepassing, analise, evaluering en skeppend. Alle definisies (met enkele uitsonderings) tel een (1) punt ongeag die hoeveelheid feite.

GEWIGSTOEKENING VAN KOGNITIEWE VLAKKE**

Laer-orde	Middel-orde		Hoë-orde		
Kennis en Onthou	Begrip / Toepassing		Analiseer / Evalueer / Skeppend		
Vlak 1	2	3	4	5	6
25%	50%		25%		

** (**Belangrik**): Kyk **punt 9** aan die einde van hierdie dokument.

5. UITBREIDING VAN INHOUD/ ONDERWERPE

VRAESTEL 1 (TEORIE)

KLIMAAT EN WEER

Middelbreedte-siklone

- Algemene kenmerke
- Gebiede van oorsprong
- Toestande benodig vir ontwikkeling
- Stadiums van ontwikkeling
- Verwante weerpatrone
 - Kouefronttoestand
 - Warmfronttoestande
 - Okklusiefronttoestande
- Sikloonfamilies
- Impak/Invloed op menslike aktiwiteite en die omgewing
- Moontlike voorsorgmaatreëls en bestuurstrategieë
- Identifikasie op sinoptiese weerkaarte en satellietbeelde
 - Identifikasie van ontwikkelingstadiums op sinoptiese weerskaarte
 - Interpretasie van weersimbole, weervoorspelling en impak

Tropiese Siklone

- Algemene kenmerke
- Gebiede van oorsprong en verwante begrippe
- Toestande benodig vir ontwikkeling
- Stadiums van ontwikkeling
- Verwante weerpatrone
- Impak op menslike aktiwiteite en die omgewing (insluitend die impak van oorstromings)
- Voorsorgmaatreëls en bestuurstrategieë om die gevolge van tropiese siklone (insluitendoorstromings) te bestuur
- Identifikasie op sinoptiese weerkaarte en satellietbeelde
 - Identifikasie van ontwikkelingstadiums op sinoptiese weerkaarte
 - Interpretasie van weersimbole
- Gevallestudie van EEN onlangse tropiese sikloon wat Suider-Afrika beïnvloed het.

Subtropiese antisiklone (Hoogdrukselle) en gepaardgaande weerstoestande oor Suid-Afrika

- Ligging en identifisering van die DRIE hoogdrukselle wat Suid-Afrika beïnvloed:
 - Suid Atlantiese / St. Helena-hoogdruksel
 - Suid-Indiese / Mauritius-hoogdruksel
 - Kalahari / Kontinentale / Binnelandse-hoogdruksel
- Algemene kenmerke van die DRIE hoogdrukselle
- Invloed van antisiklone op Suid-Afrika se weer en klimaat
- Interpretasie en die lees van inligting wat verband hou met die DRIE hoogdrukselle opsinoptiese weerkaarte

- Ontwikkeling van bewegende versteurings wat met antisikloniese sirkulasie verband hou:
 - *Suid-Atlantiese hoog volg (wig agter) koue front*
 - Vogfront en lyndonderstorms
 - Kuslaagdrukstelsel
 - Suid-Afrikaanse bergwind
- Gepaardgaande weerstoestande en impak geassosieer met bewegende versteurings
- Identifikasie van bewegende versteurings op sinoptiese weerkaarte en satellietbeelde
- Die lees van en interpretasie van sinoptiese weerkaarte en satellietbeelde wat weer wat met antisikloniese sirkulasie verband hou toon

Valleiklimate

- Hellingrigting
 - Definisie
 - Impak op die verspreiding van temperatuur in 'n vallei
 - Impak op menslike aktiwiteite in 'n vallei
- Ontwikkeling van
 - Anabatiese winde (*alle opwaartse lugbeweging in vallei gedurende die dag*)
 - Katabatiese winde (*alle afwaartse lugbeweging in vallei gedurende die nag*)
 - Inversies/termsiese gordel
 - Rypholtes
 - Stralingsmis
 - Teken eenvoudige vryhandsketse om anabatiese en katabatiese winde voor te stel
- Invloed op menslike aktiwiteite
 - Nedersettings
 - Landbou

Stedelike klimate

- Redes vir verskille tussen landelike en stedelike klimate
- Stedelike hitte-eilande
 - Oorsake van stedelike hitte-eilande/faktore wat tot hoër temperature in stede lei
 - Gevolge van stedelike hitte-eilande

- Besoedelingkoepels
 - Oorsake van besoedelingskoepels
 - Gevolge van besoedelingskoepels
- Strategieë om die stedelike hitte-eilandeffek te verminder

Interpretasie van Sinoptiese Weerkaarte

- Gebruik van internasionale simbole / *Simbole SA sinoptiese kaart*
- Identifikasie en kenmerke van hoog- en laagdrukselle
- Interpretasie van die impak van hoog- en laagdrukselle
- Die lees en interpretasie van stasiemodel
- Satellietbeelde – lees en interpretasie
- Vergelyk satellietbeelde met sinoptiese weerkaarte

GEOMORFOLOGIE

Dreineerstelsels in Suid-Afrika

- Konsep van
 - Dreineerbekken
 - Opvanggebied
 - Riviersisteem
 - Sytak
 - Samevloeiing
 - Waterskeiding
 - Interfluviale/tussenrivierse waterskeiding (tussen sytakke) [sekondêre waterskeiding].
 - Oorsprong/bron
 - Riviermond
 - Oppervlakafloop / *afloop (sluit hidrogramme in).*
-onderskei tussen 'plaatvloei' en 'stroomvloei'
 - Grondwater / *Grondwatervloei*
 - Watertafel / *Basisvloei*
- Tipes riviere
 - Permanent
 - Periodies
 - Episodies
 - Eksoties

[* *Sluit hidrogramme in waar van toepassing*]
- Onderliggende rotsstrukture, ontwikkeling en kenmerke van die volgende dreineringspatrone:
 - Dendrities
 - Tralie
 - Reghoekig
 - Radiaal
 - Sentripetaal
 - Ontwrigte
 - Parallel

- Definisie en faktore wat dreineerdigheid beïnvloed (*ook dreineertekstuur*)
 - Neerslag
 - Grondvogtigheid
 - Plantegroei
 - Helling/Gradiënt
 - Porositeit
 - Permeabiliteit/deurlaatbaarheid – *die terme 'akwifer' (deurlaatbare gesteente) en 'keerbank' (ondeurlaatbare gesteente)*
- Bepaling van stroomorde
- Gebruik van topografiese kaarte om dreineringspatrone, dreineerdigheid en stroomorde te bepaal
- Rivierafloop
 - Laminêre vloei
 - Turbulente vloei

Fluviale prosesse

- Rivierprofiële
 - Definisie, beskrywing en geassosieerde kenmerke
 - Kruis-/Dwarsprofiel
 - Lengteprofiel
 - Verhouding tussen beide profiële en rivierstadiums (bo-, middel-, benede loop)
- Riviergradering
 - Onderskei tussen gegradeerde en ongegradeerde strome
 - Erosiebasisvlak
 - Tydelike erosiebasisvlak
 - Permanente erosiebasisvlak
- Rivierverjonging
 - Redes vir verjonging
 - Verskynsels van verjonging
 - Knakpunt
 - Terrasse
 - Valei in 'n vallei
 - Ingekerfde rivierkronkels/meanders
- Identifisering, beskrywing en ontwikkeling van fluviale landvorme
 - Meander/Rivierkronkel
 - Stootoewer
 - Glyoewer
 - Hoefystermeer
 - Sandbanke
 - Vlegstrome
 - Vloedvlakte
 - Natuurlike rivieroewerwal/-dyk (-wal)
 - Yazoostrome (*kan nie by hoofstroom aansluit agv. natuurlike dyke*)
 - Waterval
 - Stroomversnelling
 - Delta
 - Gebruik van fluviale landvorme deur mense

- Stroomroof
 - Konsep van
 - Abstraksie
 - Stroomroof
 - Verskynsels geassosieer met stroomroof
 - Roofstroom
 - Geroofde stroom
 - Verarmde stroom
 - Roofelmbog
 - Windsaal (*bestaan uit riviergruis en –sand*)
 - Impak van stroomroof op die roofstroom en geroofde stroom
 - Implikasies van stroomroof op menslike aktiwiteite, nedersettings, ontspanning, landbou en oorstromings
 - Identifisering van verskynsels geassosieer met stroomroof op topografiese kaarte
- Geërfde en antesedente dreineerpatrone

Opvangsgebied en rivierbestuur

- Belangrikheid daarvan om dreineerbekke/ opvangsgebiede te bestuur
- Impak van mense op dreineerbekke/ opvangsgebiede
 - Rivierbesoedeling
 - Oorbeweiding
 - Ontbossing
 - Menslike nedersetting
- Hidrogramme (*as 'n betekenisvolle geografiese tegniek*)
- Strategieë om dreineerbekke/ opvangsgebiede te bestuur
- Gevallestudie van oor die bestuurstrategie van een opvangsgebied in Suid-Afrika

LANDELIKE NEDERSETTING EN STEDELIKE NEDERSETTING

Studie van nedersetting

- Konsep van
 - Nedersetting
 - Standplaas
 - Ligging (*relatiewe ligging*)
- Landelike en stedelike nedersettings
- Klassifikasie van nedersettings volgens
 - Grootte en kompleksiteit
 - Patroon
 - Funksie
 - Landelik / stedelik

Landelike nedersettings

- Hoe standplaas en ligging die vestiging van landelike nedersettings beïnvloed
- Klassifisering van landelike nedersettings volgens
 - Patroon
 - Funksie
- Redes waarom landelike nedersettings verskillende buitelynvorms aanneem
 - Rond
 - Lineêr
 - Kruispad
 - T-vormig
- Grondgebruik in landelike nedersettings

Landelike nedersettingskwessies

- Konsep van landelik-stedelike migrasie
- Konsep van landelike ontvolking
 - Oorsake en gevolge van landelike ontvolking op mense en die ekonomie
 - Strategieë om landelike ontvolking te ontmoedig
 - Gevallestudie wat die gevolge van landelike ontvolking illustreer en die strategieë om dit aan te spreek
- Sosiale/maatskaplike geregtigheidskwessies in landelike gebiede
 - Toegang tot hulpbronne
 - MIV/Vigs
 - Grondhervorming
 - Grondhervorming
 - Herverdeling van grond
 - Grondeise / -restitusie

Stedelike nedersettings

- Die oorsprong en ontwikkeling van stedelike nedersettings
- Verstedeliking van die wêreldbevolking
- Konsep van
 - Verstedeliking (*toenemende persentasie van bevolking ...*)
 - Stedelike groei (*bevolkingsgetalle ...*)
 - Stedelike uitbreiding (*grense ...*)
 - Ongebreidelde stedelike uitbreiding
 - Tempo van verstedeliking
 - Vlak van verstedeliking
 - Interpretasie van grafieke en statistiek
- Hoe standplaas en ligging die vestiging van stedelike nedersettings beïnvloed
- Klassifikasie van stedelike nedersettings volgens funksie
 - Sentrale plekke (-dorpe en -stede)
 - Handels- en vervoerstede en -dorpe
 - Vragverbrekingspunte
 - Aansluitingsdorpe
 - Poortdorpe
 - Gespesialiseerde dorpe en stede (*myn- / nywerheids- / slaap- / vakansie- **ens.***)

Stedelike hiërargieë

- Konsep van
 - Stedelike hiërargie
 - Sentrale plekke
 - Drempelbevolking
 - Invloedsfeer
 - Reikwydte van goedere
- Konsep van
 - Lae- en hoë-orde-funksies / dienste
 - Lae- en hoë-orde-sentrums

Stedelike struktuur en patrone

- Interne struktuur en patrone van stedelike nedersettings
 - Grondgebruiksone insluitend redes vir ligging en kenmerke
 - Kommersiële
 - Residensiële
 - Nywerhede
 - Verval-/oorgangsones
 - Landelik-stedelike oorgangsones
(Groengordel – *ligging en funksie*)
 - Faktore wat die morfologiese struktuur van 'n stad beïnvloed
 - Stedelike profiele
 - Konsep van stedelike profiel
 - Redes vir die vorm van stedelike profiel
- Modelle van stedelike struktuur
 - Burgess/Konsentries
 - Hoyt/Sektor
 - Harris en Ullman/veelvuldige-kerne
 - Moderne Amerikaanse-westerse stad
 - Derdewêreld-stad
 - Suid-Afrikaanse stad - veranderende stedelike patrone en grondgebruik

Stedelike nedersettingskwessies

- Huidige verstedelikingspatrone in Suid-Afrika
- Stedelike kwessies wat verband hou met snelle verstedeliking
 - Probleme in die stadskern
 - Stedelike verval
 - Verkeersopeenhopings
 - Gebrek aan beplanning
 - Oorbesetting
 - Behuisingstekorte
 - Dienslewering

- Informele nedersettings
 - Groei van informele nedersettings
 - Kwessies verwant aan informele nedersettings
 - Strategieë om kwessies rakende informele nedersettings aan te spreek
 - Gevallestudies van oor die wêreld en Suid-Afrika
- Gevallestudies wat wys hoe geselekteerde stedelike gebiede in Suid-Afrika stedelike uitdagings bestuur
 - Omgewingsongeregtighede
 - Lugbesoedeling
 - Geraasbesoedeling
 - *Waterbesoedeling*
 - Vernietiging van ekosisteme
 - Ekonomiese ongeregtighede
 - Armoede
 - Swak openbare vervoerstelsels
 - Sosiale/maatskaplike ongeregtighede
 - Ongelyke toegang tot dienste
 - Ongelyke toegang tot hulpbronne

EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

Die struktuur van die ekonomie

- Ekonomiese sektore - definisies en voorbeelde
 - Primêre aktiwiteite
 - Sekondêre aktiwiteite
 - Tersiêre aktiwiteite
 - Kwaterneêre aktiwiteite
- Bydrae van die ekonomiese sektore tot die Suid-Afrikaanse ekonomie
 - Waarde/bydrae tot die BBP en BNP
 - Indiensneming
- Gebruik/interpretasie van statistiese en grafiese inligting

Landbou

- Bydrae van landbou tot die Suid-Afrikaanse ekonomie
- Die rol van kleinboere en grootskaal boere
- Vernaamste landbouprodukte
 - Beeste
 - Mielies
 - Suikerriet
 - *Plaaslike / Binnelandse* mark (Tuismarkmark)
 - Uitvoermark
- Pas faktore wat landbou begunstig toe op Suid-Afrika se vernaamste landbouprodukte
- Pas faktore wat landbou verhinder toe op Suid-Afrika se vernaamste landbouprodukte

- Voedselsekerheid/-onsekerheid
 - Definisie
 - Belangrikheid van voedselsekerheid in Suid-Afrika
 - Faktore wat voedselsekerheid in Suid-Afrika beïnvloed
- Gevallestudies met betrekking tot voedselsekerheid in Suid-Afrika

Mynbou

- Bydrae van mynbou tot Suid-Afrika se ekonomie
- Betekenis van mynbou tot die ontwikkeling van Suid-Afrika
- Vernaamste mynbouprodukte
 - Steenkool
 - Goud
 - Platinum
- Pas faktore wat mynbou begunstig toe op Suid-Afrika se vernaamste produkte
- Pas faktore mynbou verhinder toe op Suid-Afrika se vernaamste mynbouprodukte
- Gevallestudie om een van Suid-Afrika se belangrikste minerale met betrekking tot bogenoemde aspekte te illustreer

Sekondêre en tersiêre sektore

- Bydrae van sekondêre aktiwiteite tot Suid-Afrika se ekonomie
- Tipes nywerhede
 - Swaar- en ligtenywerhede
 - Grondstof-georiënteerde
 - Markgerigte
 - Onafhanklike
 - Alomteenwoordige
 - Brug-/vragverbrekiingsnywerhede
- Faktore wat nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika bevoordeel
 - Grondstowwe
 - Arbeidsvoorsiening
 - Watervoorsiening
 - Energievoorsiening
 - Vervoer
 - Politieke ingryping
 - Mededinging/kompetisie
 - Handel
- Faktore wat nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika benadeel
 - Oorkonsentrasie
 - Vervoer
 - Lugbesoedeling
 - Arbeidsvoorsiening

 - Watervoorsiening
 - Grondstowwe
 - Politieke ingryping

- Mededinging/kompetisie
- Handel
- Vier kernnywerheidsgebiede van Suid-Afrika
 - ▲ [Toepassing ook van die faktore wat ontwikkeling bevoordeel en benadeel]
 - PWV (Gauteng)
 - Durban-Pinetown (eThekweni)
 - Port Elizabeth-Uitenhage (Nelson Mandela-metropool)
 - Suidwes-Kaap
 - Kaart wat ligging aantoon / Faktore wat hulle ligging bevorder
 - Belangrikste nywerheidsaktiwiteite
 - Suid-Afrikaanse gevallestudie om die bogenoemde te illustreer
- Strategieë vir nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika
 - Oorsig van apartheid en post-apartheid nywerheidsontwikkelingstrategieë
 - Die Goeie Hoop-plan (apartheid)
 - Die Heropbou-en-Ontwikkelingsprogram (HOP/RDP) (post-apartheid)
 - Groei, Werkskepping en Herverdeling (GEAR) (post-apartheid)
 - Konsep en verspreiding van Nywerheidsontwikkelingsones (NOS'e)
 - Gevallestudies van twee Ruimtelike-ontwikkelingsinisiatiewe (ROI'e)
 - Maputo-ontwikkelingskorridor
 - Wilde Kus
 - *Richardsbaai*
 - Kwessies wat met nywerheidsentralisasie en -desentralisasie verband hou
- Bydrae van tersiêre aktiwiteite tot die Suid-Afrikaanse ekonomie
 - Definisie van tersiêre aktiwiteite
 - Voorbeelde van tersiêre aktiwiteite
 - Interpretasie van grafieke en tabelle
 - Gevallestudies rakende die bydra van tersiêre aktiwiteite tot die Suid-Afrikaanse ekonomie
- *Internasionale handel (baie kortliks, hersiening van Gr. 11)*
 - Begrip van 'handelsbalans'
 - Hoof-handelsvennote + produkte (gekoppel aan ekonomiese sektore)
 - Faktore soos 'wisselkoers / afstand na markte / arbeidsaspekte / produksiekoste'

Die informele sektor

- Konsep van informele sektor indiensneming
- Eienskappe van informele sektor indiensneming
- Redes vir hoë indiensneming binne die informele sektor in Suid-Afrika
- Uitdagings wat die informele sektor van Suid-Afrika in die gesig staar
- Belangrikheid/rol van die informele sektor in die ekonomie
- Bemagtiging van die informele sektor
- Gevallestudies om bogenoemde binne die Suid-Afrikaanse verband te illustreer.

VRAESTEL 2 (GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE)

1 : 50 000 Topografiese kaart

Al die geografiese vaardighede en kennis wat in **Graad 10 en 11** bestudeer is, is relevant vir Graad 12.

Kaartwerktegnieke

Hierdie konsepte moet op 'n geïntegreerde wyse onderrig word.

- Kontoerlyne, kontoerinterval en -hoogte en konvensionele tekens
- Kompasrigting
- Ware/geografiese peiling
- Magnetiese deklinasie en peiling
- Kaartskaal – tipes skale en vergelyking die skale van topografiese kaarte, ortofotokaarte en lugfoto's
- Berekening van reguitlynafstand in die werklikheid
- Berekening van die oppervlakte van reëlmatige verskynsels
- Kaartverwysingnommers/kaartindeks
- Alfanymeriese verwysing/ruitverwysing
- Kaartkoördinate/Presiese ligging – bepaling van koördinate
- Berekening en interpretasie van gradiënte
- Dwarssnitte – teken van dwarssnitte, dui posisie van verskynsels op dwarssnitte aan en die identifisering van verskynsels wat deur dwarssnitte aangetoon word
- Intersigbaarheid
- Berekening van vertikale vergroting

Topografiese kaarttoepassing

- Interpretasie van 1 : 50 000 topografiese kaarte
- Interpretasie van fisiese verskynsels, bv. reliëf, dreinerings, klimaat en plantegroei
- Interpretasie van kulturele verskynsels, bv. nedersetting, grondgebruik en vervoernetwerke
- Toepassing van alle aspekte van die sillabus wat in die teoretiese afdeling van Geografie gedek is
- Interpretasie van temperatuur, reënval, klimaatstreke en -biome, grafieke en tabelle wat van toepassing is op die 1 : 50 000 topografiese kaart en die 1 : 10 000 ortofotokaart wat geassesseer word

Foto's

- Tipes foto's
- Voordele en nadele van verskillende tipes foto's
- Ortofotokaarte
- Interpretasie van grootte, vorm, kleurskakering, tekstuur, skaduwee en patrone op vertikale lugfoto's om verskynsels, landvorms en aktiwiteite op foto's en ortofotokaarte te identifiseer
- Oriëntering van ortofotokaart / vertikale lugfoto met topografiese kaart
- Vergelyk ortofotokaarte / vertikale lugfoto's met topografiese kaarte
- Alle tegnieke wat onder kaartwerktegnieke genoem is, is ook van toepassing op ortofotokaarte

Ortofotokaarttoepassing

- Interpretasie van 1 : 10 000 ortofotokaarte

- Interpretasie van fisiese verskynsels, bv. reliëf, dreinerings, klimaat en plantegroei
- Interpretasie van kulturele verskynsels, bv. nedersetting, grondgebruik en vervoernetwerke
- Toepassing van alle aspekte van die sillabus wat in die teoretiese afdeling van Geografie gedek is

Kaartprojeksies (Hersien Gr. 10)

- Tipes kaartprojeksies
 - Mercator
 - Gauss Konforme
- Tipes kaarte
 - Verwysingskaarte
 - Tematiese kaarte – definieer, identifiseer en interpreteer verskillende tipes tematiese kaarte met behulp van 'n atlas

Geografiese Inligtingstelsels (GIS)

- Konsep van
 - GIS
 - Afstandswaarneming
 - Resolusie
 - Beeldelement/piksel
 - Ruimtelike en spektorale resolusie
 - Ruimtelike en attribuutdata
 - Vektor- en rasterdata
 - Ruimtelike voorwerpe
 - Punte/nodusse
 - Lyne
 - Oppervlaktes/poligone
- Konsep van inligtingslae/datalae
- Komponente van 'n GIS
- Inligtingsbronne vir GIS
- Datamanipulasie en -analise
 - Konsep van datamanipulasie
 - Data-integrasie
 - Bufferskepping
 - Bevraagtekening
 - Statistiese analise
- Data standaardisering
- Deel van data
- Databeveiliging
- Toepassing van GIS deur die
 - Regering
 - Privaat sektor
- Ontwikkeling van 'n 'papier-GIS' vanaf bestaande kaarte, foto's en ander inligtingsbronne op lae natrekpapier
- Identifiseer en interpreteer konsepte deur gegewe data soos satellietbeelde, topografiese kaarte, ortofotokaarte, lugfoto's, prente en statistieke in grafieke en tabelle te gebruik

6. HALFJAAR EKSAMEN

- **Twee vraestelle**, een van 3 ure (Teorie) = 225 punte en een van 1½ ure (Kaartwerk) = 75 punte.
- **Vraestel 1** bestaan uit DRIE verpligte vrae:
Afdeling A: Twee vrae oor fisiese geografie (2x75);
Afdeling B: Een vraag oor landelike en stedelike nedersettings (1x75)
- **Vraestel 2** soos vir finale eksamen uiteengesit (75 punte).
▲ Volg dieselfde formaat soos vir die einde-van-die-jaar eksamen.

7. GEKONTROLEERDE TOETSE EN ASSESSERINGSTAKE

Take

Assesseringstake moet die geografiese inhoud en konsepte wat in die kurrikulum beklemtoon word. Geografiese vaardighede en tegnieke behoort in al die formele assesseringstake geïntegreer te word.

Vir Graad 12 word DRIE (3) assesseringstake vereis:

- *Eerste kwartaal*: Datahantering
- *Tweede kwartaal*: Navorsing, wat 'n probleem/onderwerp vanuit die Graad 12 kurrikulum volgens die "navorsingsroete" ondersoek, met 'n beperkte 'veldwerkkomponent'.
- *Derde kwartaal*: Praktiese opdrag (kaartwerk), wat die formaat van die tweede vraestel kan aanneem.

Die aanbevole minimum puntetoekenning vir take in die VOO-fase is 50 en word óf deur 'n *memorandum* óf met behulp van 'n *rubriek* (óf beide) geassesseer.

Toetse

'n Gekontroleerde toets behoort **60 minute** vir **100 punte** te wees. Hierdie toetse moet 'n beduidende hoeveelheid leerinhoud en vaardighede insluit, soos 'n afdeling werk van ten minste ses weke, maar verkieslik 'n volle kwartaal se werk.

Toetse en eksamens moet **streng onder gekontroleerde toestande** afgelê word.

Die formaat van toetse behoort dieselfde te wees as 'n vraageenheid van 'n eksamen vraestel, dws. *kortvrae* (soos meervoudige antwoordkeuse, stellings as reg/verkeerd identifiseer, ens.) asook vrae wat *bespreking* en *verduideliking* vereis. Kyk ook die afdeling oor '*Puntetoekenning*'.

Dit word voorgestel dat ALLE gekontroleerde toetse in die VOO-fase uit teorie (±75%) en kaartwerk (±25%) sal bestaan.

Toetse (insluitende sommige ander formele assesseringstake) moet ook voorsiening maak vir 'n verskeidenheid van kognitiewe vlakke. (Kyk die afdeling oor '*Belangrikheid van gebalanseerde vraestelle*').

8. VOORBEELD VAN 'N JAARPLAN

GRADE 12										
KWARTAAL 1	Week 1	Week 2	Week 3	Week 4	Week 5	Week 6	Week 7	Week 8	Week 9	Week 10/11
	GEO TEGN* (4u) Hersien Gr. 10/11	KLIMAAT EN WEER (14u)				GEOMORFOLOGIE (12u)			GEO TEGN. (7u)* Taak (Taak 1)** Toets (Taak 2)	

* Geografiese vaardighede en tegnieke (kaartwerk) moet deur die jaar gedoen word.

** Taak oor "datahantering".

KWARTAAL 2	Week 1	Week 2	Week 3	Week 4	Week 5	Week 6	Week 7	Week 8	Week 9	Week 10/11
	LANDELIKE EN SYEDELIKE NEDERSETTINGS (29u)								GEO TEGN. (5u) Taak 3 – Navorsing*	Konsolidering Hersiening HALFJAAR EKS. (Taak 4)

*Die "navorsings-/opstel" moet aan die begin van die kwartaal in aanvang neem, en dit word aanbeveel dat dit stap-vir-stap nagesien word gedurende die voorgeselde tydperk, bv. 6 weke.

KWARTAAL 3	Week 1	Week 2	Week 3	Week 4	Week 5	Week 6	Week 7	Week 8	Week 9	Week 10
	EKONOMIE VAN SUID-AFRIKA (26u) & GEOGRAFIESE TEGNIEKE (7u)**						Taak 5 (Kaartwerk)* (1u) Toets (Taak 6) (1u)		Konsolidering / Hersiening REKORDEKSAMEN (Taak 7)	

* Dit word voorgestel dat die **Praktiese Taak (Kaartwerk)** in die derde kwartaal gedoen word na alle leerinhoud afgehandel is en die toepassing van teorie dan mees effektief sal wees.

** Dit word voorgestel dat hierdie tydraam vir "geografiese tegnieke" in die eerste en tweede kwartaal ingevoeg sal word, met slegs hersieningstyd voor die praktiese taak.

KWARTAAL 4	Week 1	Week 2	Week 3	Week 4	Week 5	Week 6	Week 7	Week 8	Week 9	Week 10
	HERSIENING: -Klimaat en Weer: 3 ure -Geomorfologie: 3 ure -Nedersettings: 3 ure -Ekonomie van SA: 3 ure -Geografiese tegnieke: 3 ure				EINDEKSAMEN					

9. DIFFERENSIASIE EN KOGNITIEWE VLAKKE (& ANALISE)

Toets- en eksamenvraestelle moet voorsiening maak vir 'n verskeidenheid kognitiewe vlakke en **Bloom se taksonomie**(hersien) word in hierdie verband geïmplimenteer.

Tutors/fasiliteerders moet noodwendig hul studente se vermoëns meet. Om dit reg te kry, vereis 'n klassifikasie van die vlakke van intellektuele gedrag wat vir die leerproses belangrik is. **Bloom se taksonomie** voorsien 'n metingsinstrument vir die denke. Dit is 'n meervlakkige model om denke te klassifiseer ooreenkomstig ses kognitiewe vlakke van kompleksiteit: onthou, verstaan, toepas, analisering, evaluering en skepping/sintese.

Hierdie begrippe word soos volg gedefinieer:

- **Onthou**: Die opsporing, herkenning en terugroeping van relevante kennis uit die langtermyngeheue
- **Begrip (verstaan)**: Die opbou van betekenis uit mondelinge, geskrewe en grafiese boodskappe deur interpretasie, klassifisering, vergelyking en verduideliking.
- **Toepassing**: Uitvoering; implementering.
- **Analisering**: Die opbreek van inhoud in verbandhoudende dele; om die verband tussen die dele vas te stel.
- **Evaluering**: Doen uitspraak wat op kriteria en standaarde berus wat deur kontroliering en kritisering verwerp is.
- (**Sintese**: Die kombinerings van die dele, of elemente, om sodoende 'n meer volledige beeld of sisteem te vorm). **Skeppend**: Die bymekaarplasing van elemente om 'n bindende en funksionele geheel te vorm; elemente in nuwe patrone of strukture deur ontwikkeling, beplanning of produksie te herken.

Hierdie kumulatiewe, hiërargiese raamwerk bestaan uit ses kategorië, en elkeen vereis die bereiking van die voorafgaande vaardighede en vermoëns voordat die volgende kompleksere een verstaan kan word.

VLAK		SOMMIGE AKSIEWOORDE
Lae-orde	▪Kennis / Onthou	Noem (maak 'n lys) / Verskaf (skets ... die hoofpunte) / Definieer / Identifiseer / Pas bymekaar
Middel-orde	▪Begrip (verstaan)	-Beskryf / Verduidelik / Opsom / Klassifiseer / Debateer / Illustreer / Lewer verslag / Voorspel
	▪Toepassing	-Vergelyk / Kontrasteer / Demonstreer / Ondersoek / Motiveer / Bereken / Voorspel / Toepas
Hoë-orde	▪Analisering	-Onderskei / Pas / Kontrasteer / Verdeel / Identifiseer /
	▪Evaluering ▪ Sintese / Skeppend	-Verdedig (regverdig) / Vergelyk / Besluit -Rankskik / Besluit / Formuleer ('n oplossing/hipotese) / Integreer / Groepeer Ontdek / Ontwerp / Ontwikkel

'n Voorbeeld van 'n **rooster** ('grid') om toetse/eksamenvraestelle te analiseer, verskyn op die volgende bladsye.

ANALISERING VAN GEOGRAFIEVRAESTEL 1

Kognitiewe vlakke vir assessering volgens die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring, VOO-fase, Graad 10 – 12 en Bloom se taksonomie (vlakke 1 tot 6) gegroepeer as lae, middel en hoë orde vrae.

GRAAD 12	Vraestel:	KOGNITIEWE VLAKKE*					
		(Gebruik totale punte vir elke subvraag)					
		LAAG (±25%)	MIDDEL (±50%)		HOOG (±25%)		
		1 Onthou	2 Begrip	3 Toepas	4 Analise	5 Evalueer	6 Skeppend
VRAESTEL 1							
Vraag 1 (75):							
1.1							
1.2							
1.3							
1.4							
1.5							
1.6							
1.7							
TOTAAL							
Vraag 2 (75):							
2.1							
2.2							
2.3							
2.4							
2.5							
2.6							
2.7							
TOTAAL							
Vraag 3 (75):							
3.1							
3.2							
3.3							
3.4							
3.5							
3.6							
3.7							
TOTAAL							
Vraag 4 (75):							
4.1							
4.2							
4.3							
4.4							
4.5							
4.6							
TOTAAL							
TOTAAL / 225							
% van TOTAAL							

EKSAMINATOR:

DATUM:

MODERATOR: (1).....
(2)

DATUM:

ANALISERING VAN GEOGRAFIEVRAESTEL 1
Kognitiewe vlakke vir assessering volgens die Kurrikulum- en
Assesseringsbeleidsverklaring, VOO-fase, Graad 10 – 12 en Bloom se taksonomie
(vlakke 1 tot 6) gegroepeer as lae, middel en hoë orde vrae.

GRAAD 12	Vraestel:	KOGNITIEWE VLAKKE*					
		(Gebruik totale punte vir elke subvraag)					
		LAAG (±25%)	MIDDEL (±50%)		HOOG (±25%)		
		1	2	3	4	5	6
		Onthou	Begrip	Toepas	Analise	Evalueer	Skeppend
VRAESTEL 2 (75)							
V 1: Objektief							
1.1	1.2						
1.3	1.4						
1.5	1.6						
1.7	1.8						
1.9	1.10						
1.11	1.12						
1.13	1.14						
1.15							
Totaal							
V2: Berekeninge							
2.1							
2.2							
2.3							
2.4							
2.5							
2.6							
Totaal							
V 3: Toepassing							
3.1							
3.2							
3.3							
3.4							
3.5							
3.6							
Totaal							
V 4: GIS							
4.1							
4.2							
4.3							
4.4							
4.5							
Totaal							
TOTAAL / 75							
% van TOTAAL							

EKSAMINATOR:

DATUM:

MODERATOR: (1)
 (2)

DATUM: